**7 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 66:1-20**
**Fokusgedeelte: Psalm 66:16**

## Kom luister ...

Die digter van Psalm 66 gee nie enige historiese agtergrond nie. Dit lyk na ’n lied vol dankbaarheid wat ná een of ander oorwinning oor hulle vyand deur die volk gesing moet word. God word geprys vir die oorwinning wat Hy aan sy volk gegee het en vir die wyse waarop Hy vir sy volk ingetree het. Sy dade herinner aan die gebeure tydens die uittog uit Egipte, die land waarin die volk vir 400 jaar in slawerny was.

Die verlossing van die Here is nie net vir die gelowiges in die algemeen bedoel nie, maar vir elke gelowige in besonder. Saam met hulle dankbaarheid word daar ’n toegewyde lewe as gelowiges verwag. In vers 16 roep die digter die gelowiges in Israel op met ’n dubbele bevel, want hy wil aan hulle vertel van God se werke: “Kom luister …” Die digter gee sy eie persoonlike getuienis oor dit wat die Here aan hom gedoen het. Met dieselfde lippe as waarmee hy na die Here om hulp geroep het, is hy nou gereed om die Naam van die Here te besing.

As gelowiges het ons baie om die Here voor te prys. Ons kan vertel van die dinge wat die Here in ons geestelike lewe aan ons gedoen het, wat ons nodig gehad het, waarvoor ons gebid het en wat God vir ons gedoen het om ons te red. Ons mag nie vergeet van dit wat Jesus Christus aan ons gedoen het toe Hy ons elkeen uit beproewing gelei het en oorvloed seëninge gegee het nie. Jesus Christus tree vir ons in by die Vader en Hy verhoor ons gebede.

Die bekende prediker Charles Spurgeon het op ’n tyd gesê: “Dit is ’n slegte kaggel as al die hitte in die skoorsteen optrek; ware godsdiens versprei blydskap oor almal rondom. Tog maak die vuur eers die skoorsteen warm waarin dit brand en genade troos die hart waarin dit bly. Niemand sal warm gemaak word deur ’n koue hart nie.”

*Sing: Psalm 66:1, 7 (1936)*

*Dr. J Lion-Cachet (Klerksdorp)*